Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

Verslag ◆ Ingxelo ◆ Report

Kantoor van die Direkteur: Finansiële Dienste
20 April 2011

5/1/1/1 – 2011-2012
5/1/1/2 – 2011/2012
5/1/4

ITEM 3.2 VAN DIE AGENDA VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 5 MEI 2011

ONDERWERP:	**GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFS-BEGROTINGS VIR 2011/12, 2012/2013 EN 2013/2014**
SUBJECT:	***APPROVAL OF THE MULTI YEAR CAPITAL AND OPERATING BUDGETS FOR 2011/2012, 2012/2013 AND 2013/2014***

1. **NOTA**

Die volledige stel begrotingsdokumente word apart tot die sakelys gesirkuleer. *The complete set of budget documents is circulated separately to the agenda.*

2. **WETGEWENDE RAAMWERK**

2.1 Die goedkeuring van die begroting moet beoordeel word ingevolge die wetgewende raamwerk en moet daar dus spesifiek gelet word op die volgende bepalings.

2.2 Artikel 16(2) : MFMA
"... die Burgemeester van die munisipaliteit moet die jaarlikse begroting ten minste **90 dae** voor die aanvang van die begrotingsjaar by 'n **raadsvergadering** ter tafel lê.
Die Raad het aan hierdie statutêre bepaling voldoen deur die 90 dae konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings goed te keur op 23 Februarie 2011.

2.3 Artikel 24(1) : MFMA
"Die raad van 'n munisipaliteit moet ten minste **30 dae** voor die aanvang van die begrotingsjaar goedkeuring van die jaarlikse begroting oorweeg."

2.4 Artikel 160(2)(b): Grondwet
"Die volgende funksies mag nie deur die Munisipale Raad gedelegeer word nie:
...(b) die goedkeuring van begrotings."

2.5 Artikel 160(3)(a) Grondwet
"Dat die meerderheid Munisipale Raadslede teenwoordig moet wees voordat stemming geneem word oor enige saak."

*2. **LEGAL FRAMEWORK***

2.1 The approval of the budget must be evaluated in accordance with the legal framework provided, therefore the following requirements must be noted:

2.2 Section 16(2) : MFMA
*"... the Mayor of the municipality must table the annual budget at a Council meeting at least **90 days** before the start of the financial year."*

Council adhered to this statutory requirement by approving the multi year capital and operating budgets in principle on 23 February 2011.

2.3 Section 24(1) : MFMA
"The municipal Council must at least 30 days before the start of the budget year consider approval of the annual budget."

2.4 Section 160(2)(b): Constitution
"The following functions may not be delegated by a Municipal Council:
.. (b) the approval of budgets."

2.5 Section 160(3)(a) Constitution
"A majority of the members of a Municipal Council must be present before a vote may be taken on any matter."

3. **PAD VORENTOE**

Ingevolge voormelde wetgewing en beleidsrigtings van Nasionale (Omsendskrywe 55 saamgelees met Omsendskrywe 54 van MFMA) en Provinsiale Tesourie (Omsendskrywes 42 – "Raising of external loan funding to finance capital expenditure" en Omsendskrywe 45 – "Budget Circular") moet die konsep begrotings deur die Raad aanvaar word. Dit beteken dat die "90-dae beginsel" van artikel 16(2) van die MFMA nagekom moet word en het die Raad aan hierdie statutêre bepaling voldoen deur die 90 dae konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings goed te keur op 23 Februarie 2011.

3. ***WAY FORWARD***

In accordance with the abovementioned legislation and policy guidelines from the National (Circular 55, read with Circular 54 of the MFMA) and Provincial Treasury (Circular 42 – "Raising of external loan funding to finance capital expenditure" and Circular 45 – "Budget Circular") the draft budget must be approved by Council. This means that the "90 days principle" in terms of section 16(2) of the MFMA must be adhere to. Adherence to this statutory requirement is confirmed by the approval of the 90 days draft budget by Council on 23 February 2011.

3. ***DOCUMENTATION***

3.1 Attached hereto find the Capital and Operating budget for 2011/2012 as prepared by the CFO in the prescribed format and the multi year operating and capital budgets for 2012/2013, 2013/2014.

3.2 ***BUDGETS AND MEDIUM TERM REVENUE AND EXPENDITURE FRAMEWORK 2011/2012, 2012/2013 and 2013/2014 REFORMS***

Attached hereto find the prescribed budget reforms as prescribed by MFMA Circular No 54 in accordance with the regulations.

3.3 ***OUTSTANDING DEBTORS***

Attached hereto find the outstanding debtors as on 31 March 2011 before month-end levy.

3.4 ***INVESTMENTS & EXTERNAL LOAN REGISTER***

Attached hereto find the external loans and investments as on 31 March 2011.

(a) PUBLIEKE DEELNAME VERGADERINGS / *PUBLIC PARTICIPATION MEETINGS*

4.1 Daar is 6 publieke deelname vergaderings gehou op die volgende plekke en tye waartydens geleentheid vir publieke kommentaar en insette gegee was tot en met 1 April 2011.

Datum	Dorp	Plek	Tyd
7 Maart 2011	Moorreesburg	Gemeenskapsaal	19:00
8 Maart 2011	Malmesbury	Gemeenskapsaal	19:00
9 Maart 2011	Riebeek Wes	Stadsaal	19:00
14 Maart 2011	Darling	Gemeenskapsaal	19:30
15 Maart 2011	Abbotsdale	Gemeenskapsaal	19:30
16 Maart 2011	Yzerfontein	Gemeenskapsaal	15:00

4.2/...

4.2 Die enigste kommentaar wat na die publieke deelname vergaderings ontvang is, was vanaf die Voorsitter van Yzerfontein Inwonersvereniging (YIV) wat per skrywe gedateer 31 Maart 2011 kommentaar gelewer het. Die kommerwekkende areas wat uitgewys word, is die volgende:

The only comments received after the public participation meetings, was from the Chairperson of the Yzerfontein Resident's Association (YIV) via a letter dated 31 March 2011. The areas of concern addressed in the letter, are as follows:

	ASPEKTE UITGELIG / ISSUES RAISED	**KOMMENTAAR: MUNISIPALE BESTUURDER / *COMMENTS: MUNICIPAL MANAGER***
(a)	Die kwessie van onbefondste mandate wat steeds deur munisipaliteite nagekom moet word ten spyte daarvan dat dit nasionale en provinsiale bevoegdhede is. *The issue of unfunded mandates that is still carried out by municipalities, in spite of that being the functions of national and provincial government.*	Die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder lê hierdie item telkens op verskeie platforms voor, maar blyk daar nie 'n nasionale politieke wil te wees om die probleem op te los nie. *These matters are tabled on various platforms by the Executive Mayor, as well as the Municipal Manager, but it seams that there is a lack of political will on national level to address the problem.*
(b)	Voorstel om eiendomsbelasting vanaf 6,93% te verlaag na 6% met inbegrip van 'n rabat (50%) op alle belastingbetalers ouer as 65. *Proposal to decrease property rates from 6.93% to 6%, including a rebate of 50% for all ratepayers older than 65.*	Verlaging van eiendomsbelasting is oorweeg met die resultaat dat die 30 dae begroting 'n koersverlaging van 5,95% bevat. *A drop in the property rates was considered with the result that the 30 day budget contains a rate of 5,95%.*
(c)	Versoek dat die ondersoek na gedifferensieerde eiendomsbelasting ondersoek moet word. *Request that differential property rates must be investigated.*	Die ondersoek moet gedoen word met inagneming van die inwerkingstelling van die nuwe waardasierol op 1 Julie 2012, bekostigbaarheid van die kommersiële sektor en na oorlegpleging met die sake sektore. *The investigation must be done considering the implementation of the valuation roll on 1 July 2012, cost effectiveness for the commercial sector and after collaboration with the business sector.*
(d)	Gebruik van terminologie wat taalkundig misleidend en verkeerd is, bv. "revenue" en "income". *Using of terminology that is linguistic not correct, for example, "revenue" and "income".*	Is in lyn met die voorskrifte van Nasionale Tesourie. *Terminology is in line with guidelines from National Treasury.*
(e)	Vrae aangaande personeelkoste as 'n % van die bedryfskoste met spesifieke verwysing na kommer ten opsigte van die Nasionale Kollektiewe Ooreenkomste aangaande salarisaanpassings waar die publieke sektor die privaatsektor se salarisse met 44% oorskry. *Questions regarding personnel costs as a % of the operating costs, referring to the concerns with regard to the National Collective Agreement on salary adjustments resulting in the salaries of the public sector exceeding that of the private sector with 44%.*	Stem saam: SALGA (Nasionaal se mandaatverkryging laat veel te wense oor). Die mandaat vir die 2011/2012 finansiële jaar aan SALGA is die VPI (vanaf 1 Februarie 2010 tot 31 Januarie 2011) plus 2%. *In agreement: SALGA (the obtaining of mandates on national level leaves much to be desired). The mandate for the 2011/2012 financial year to SALGA IS CPI (from 1 February 2010 to 31 January 2011) plus 2%.*

(f) Vrae aangaande verhogings van raadslede wat verkeerd blyk te wees in vergelyking met die aanpassing van Mosselbaai se raadslede.

Questions regarding the increase in remuneration of councillors, which appears to be wrongly calculated in comparison with those of Mosselbay's councillors.

Ingevolge die inligting op die webtuiste wat na die 90 dae begroting geplaas is, was daar 'n fout op die spreivel wat deur YIV uitgewys is. Die verhoging in toelaes van raadslede ten aansien van die 2010/2011 finansiële jaar was 7% soos deur die Nasionale Regering voorgeskryf. Vir begrotingdoeleindes is daar voorsiening gemaak vir 6,5%. Verder is daar voorsiening gemaak vir drie addisionele raadslede soos deur die Afbakeningsraad bepaal. Die getal raadslede neem dus toe van 20 na 23, maar die getal UBK-lede bly vyf met inbegrip van die Uitvoerende Burgemeester en Onderburgemeester.

With reference to the information that was placed on the website after the 90 day budget, a oversight was pointed out by the YIV. The increase in remuneration of councillors with reference to the 2010/2011 financial year was 7% as prescribed by the National Government. For budgeting purposes a 6,5% increase was provided for. There was also provided for three additional councillors, as determined by the Demarcation Board. The number of councillors increase from 20 to 23, but the number of EMC-members remains at five, including the Executive Mayor and Executive Deputy Mayor.

(g) Verdere vrae aangaande die salarisaanpassings van art 56 en 57 personeellede.

Further questions regarding the salary adjustments of section 56 and 57 personnel.

Aanpassing van salarisse van die art 56 en 57 aanstellings, is uitgesluit van die Nasionale Kollektiewe Ooreenkomste en word bepaal deur die onderskeie diensooreenkomste waarin daar ooreengekom is dat 'n professionele vergoedingskonsultant jaarliks gebruik moet word om markaanpassings te bepaal. Ten einde hierdie aanpassings in perspektief te plaas word die aanpassings sedert 2009/2010 aangetoon.

Adjustments in the salaries of section 56 and 57 appointments are excluded from the National Collective Agreement and are determined by the various service contracts stipulating that a professional remuneration consultant will be used on an annual basis to determine the adjustment in accordance with the market. The adjustments from 2009/2010 are listed in order to bring the adjustments in perspective.

	Munisipale Bestuurder en Direkteure	**Res van Personeel / *Remaining Personnel***
2009/2010	Munisipale Bestuurder: 7,15% Direkteur Finansiële Dienste: 7,20% Res: 7,4%	13 * * 10,5% pensioendraend 2,5% nie-pensioendraend
2010/2011	Munisipale Bestuurder: 8,6% Res: 9%	8,4% en word 2009/2010 se 2,5% ook pensioendraend
2011/2012	Voorstel varieer tussen 7,85% en 8,77%	Onderhandelinge is heropen omdat VPI laer as 5% was vir betrokke tydperk

(h)	Voorstel om die bedryf van die karavaanpark te privatiseer. *Proposal to privatise the operation of the caravan park.*	Voelers is reeds gedurende 2010 in die verband uitgesteek en moet voortgesit word. *The matter was discussed during 2010 and discussions will continue.*
(i)	Hawe word tans teen 'n verlies bedryf, en is die voordeel grotendeels nie vir Swartland inwoners nie. *The harbour is currently being operating at a loss, without the Swartland residents benefitting much from it.*	Stem saam: Verhoogde tariewe moet oorweeg word sowel as die privatisering. *In agreement: Increased in tariffs must be considered as well as privatisation.*
(j)	Gebrek aan begrotingskapitaal vir projekte in Yzerfontein met voorstel om Volstruislaan te teer. Yzerfontein dra R16,64 mil belasting by tot Swartland Munisipaliteit teenoor Malmesbury se R17,46 mil. *Lack of budgeting for capital project in Yzerfontein, with the proposal that Volstruis Avenue must be upgraded to a tarring road. Yzerfontein contributes R16,64 mil in rates to the Swartland Municipality compared with Malmesbury contributing of R17,46 mil.*	Geen kapitaalprojekte omdat daar geen agterstand in infrastruktuur is in vergelyking met ander dorpe nie. *No capital project is allocated to Yzerfontein for the reason that there is no backlog in infrastructure comparing to other towns.*
(k)	Swartland Munisipaliteit se finansiële volhoubaarheid word bedreig deur huidige inkomstemodel. Die finansiële volhoubaarheidsplan is ook nog uitstaande. *The financial sustainability of Swartland Municipality is threatened by the current income model. The financial sustainability plan is still outstanding.*	Stem saam: Finansiële Volhoubaarheids-raamwerk word op 5 Mei 2011 ter tafel gelê. *In agreement: The financial sustainability framework will be tabled on 5 May 2011.*
(l)	Verder word daar deurlopend na Mosselbaai se begroting en ondersteunende dokumente verwys wat baie meer gebruikersvriendelik is. *The budget and supporting documentation of Mossel Bay Municipality are referred to on a continuous basis, because the format thereof is much more user friendly.*	Kennis geneem. *Noted.*

5. Die Begrotingsbeheerkomitee het op Maandag 18 April 2011 vergader met aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee wat die 30 dae begroting op 19 April 2011 oorweeg het vir aanbeveling aan die Munisipale Raad.

A Budget Steering Committee meeting was held on Monday, 18 April 2011 in order to make recommendations to the Executive Mayoral Commitee on the 30 day budget which was considered during a Special Executive Mayoral Committee meeting held on 19 April 2011 for recommendation to the Municipal Council

6. RECOMMENDED/...

6. ***RECOMMENDED***

(a) *That the Council approves the capital and operating budgets* ***to the amounts and sources of finance of the following:***

			Historical (90 day)	*Currently (30 day)*
(1)	**Capital Budget**	**:2010/2011**	**R 86 603 200**	**R 86 603 200**
	Adjustment Capital Budget	**:2010/2011**	**R 90 225 769**	**R 90 225 769**
	Capital Budget	**:2011/2012**	**R 95 597 534**	**R 96 348 657**
	Capital Budget	**:2012/2013**	**R 95 886 879**	**R 95 886 879**
	Capital Budget	**:2013/2014**	**R 53 661 421**	**R 53 288 702**
(2)	**Operating Budget:**			
	Total Income	**:2010/2011**	**R 351 006 809**	**R 351 006 809**
	Adjustment Income Budget	**:2010/2011**	**R 370 539 046**	**R 370 539 046**
		:2011/2012	**R 370 345 957**	**R 371 354 225**
		:2012/2013	**R 407 804 580**	**R 406 107 804**
		:2013/2014	**R 462 678 036**	**R 461 322 172**
	Expenditure	**:2010/2011**	**R 322 500 045**	**R 322 500 045**
	Adjustment Expenditure Budget	**:2010/2011**	**R 373 067 703**	**R 373 067 703**
		:2011/2012	**R 418 659 678**	**R 416 987 464**
		:2012/2013	**R 451 477 579**	**R 447 837 565**
		:2013/2014	**R 506 577 049**	**R 503 726 232**
	Surplus/Deficit (unbundling)			
	i.t.o. GRAP	**:2010/2011**	**R 28 506 764**	**R 28 506 764**
	Adjustment Budget	**:2010/2011**	**-R 2 528 657**	**-R 2 528 657**
		:2011/2012	**-R 48 313 721**	**-R 45 633 239**
		:2012/2013	**-R 43 672 999**	**-R 41 729 761**
		:2013/2014	**-R 43 899 013**	**-R 42 404 060**

(b) *That the Council take cognisance of the public participation meetings that was held, as well as the "summarised" comments of the Chairperson of the Yzerfontein Resident's Association and that the various aspects will be handled as follows:*

(1) *<u>UNFUNDED MANDATES</u>*
That approval be granted/the Municipal Manager be authorise to obtain a legal opinion from a senior advocate regarding unfunded and underfunded mandates of National and Provincial functions;

That, depending on the opinion, consideration be given (authority of the Executive Mayoral Committee) to declare a dispute in terms of the IGRFA (Inter Governmental Relations Framework Act) in order to solve this problem, and if not, further consideration be given to bring an application to the Higher Court;

(2) *<u>PROPERTY RATES</u>*
That Council takes cognisance that the property rates was adjusted – see paragraph (d) – and that the rebate applicable to pensioners at this stage is sustained;

(3) *<u>DIFFERENTIAL RATES</u>*
That approval be granted for the lodging of an investigation on the implementation of differential property rates with the implementation of the new valuation roll on 1 July 2012, subject thereto:

- *that the investigation creates no expectations;*
- *all current Business Chambers be involved in the investigation and the the Business Chambers of Malmesbury and Moorreesburg are informed on this matter respectively on 21 June 2011 and 17 August 2011;*
- *that the result must be affordable;*

(4) *<u>HARBOUR AND CARAVAN PARK</u>*
That the Management Team be mandated to investigate the possibility to allocate funds from the 2011/2012 operating budget – currently not budgeted for – or to obtain external funding in order to lodge a thorough investigation regarding the privatisation of the harbour and caravan park;

(5)/…

(5) *CAPITAL PROJECTS FOR YZERFONTEIN*
That the need for the tarring of Volstruis Avenue be noted, but that the IDP and budget processes be followed in order to evaluate the upgrading of the mentioned street against the other infrastructure backlogs in the municipal area;

(6) *FRAMEWORK FOR FINANCIAL SUSTAINABILITY*
That notice is taken that the Framework for Financial Sustainability will be addressed in the agenda of the Ordinary Council Meeting.

(c) *That a major change in the structure of tariffs applicable to households has been forced onto Council by NERSA to be implemented on 1 July 2011. NERSA has implemented the inclining block tariffs for households referring to Tariff 1(households), Tariff 5 (20amps households), Tariff 7 (pre-paid low cost housing) and Tariff 12 (pre-paid more well-off households);*

That the Council takes cognisance of a tariff increase of 26,71% by ESKOM as approved by NERSA. It is recommended that Council should increase the electricity tariff by 22%, however with the exception of certain tariffs as per attached list.

That further expected increases over the next two financial years of 21,95% for 2012/2013 and 21,95% for 2013/2014 be noted. This unforeseen increases, as said in the previous financial year will definitely have a huge impact on debtor's accounts and will result in debtors not being able to pay for services. It should be noted that the approved electricity tariff for 2011/2012 has been send to NERSA for their final approval at their Public Hearing on the 10th May or 2nd June 2011. Letter dated 24 February 2011 in this regard, attached hereto.

(d) *That the Council approves the multi-year capital and operating budgets with respect to the 2011/2012 financial year in accordance with articles 16 and 17 of the MFMA, including –*

- *Taxes; (with the recommended chance in the property rates tariff from 6.93% to 5,95%. The rate was R0.005988 and the recommended rate is now R0.005933) All other rates are linked to these percentage changes*
- *Tariffs; (with the recommended chance in the refuse removal rates tariff from 12% to 15,5%. The tariff was R75.16 and now R77.51 per month).*
- *The application fee for a service connection from R179.00 to R279.00 and that every new residential service connection receives a Wonderbag free of charge.*
- *Changes in the Capital Budget 2011/2012 – transfer R600 000 from the Operating budget to the Capital Budget 2011/2012 for pedestrian pathways a grant received from Provincial Government in the 2010/2011 financial year.*
- *Furthermore that the Council takes cognisance that the MIG grant in the 2013/2014 financial year being reduced from R15 731 719 to R15 359 000.*
- *That the Council also takes cognisance that the Equitable Share Grant being reduced from R23 913 000 to R22 887 000 and R26 422 000 to R25 391 000 in terms of DORA*
- *Furthermore, that the Council takes cognisance that due to a lack of information while busy finalising the budget during February 2011, it only now came to our knowledge that the bulk dumping of refuse for Bergriver Municipality will amount to R715 579 for the 2011/2012 financial year as an income. The expenditure was already budgeted for;*
- *Cash flow projections (now part of Budget Reforms);*
- *That the Council takes cognisance of the R150 000 that was received from the Western Cape as an allocation for the commentators booth at Gene Louw Sports Grounds which will result in a change in the Capital budget for the 2011/2012 financial year.*
- *That the Council takes cognisance of the decision that was taken at a Special Mayoral Committee that was held on 8 April 2011, item 3.2 – that due to the unique circumstances in Abbotsdale, not all erven are linked to the new sewerage pipeline and it was decided that the fixed sewerage tariff fee as applicable for all residents of the Swartland (excluding Yzerfontein), will not be billed for Abbotsdale residents as from 1 July 2011 till 31 December 2011, but this aforesaid tariff will be levied with effect from 1 January 2012 by which time all residents in Abbotsdale should be linked to the new sewerage pipeline. This decision has to be condoned by Council on 5 May 2011.*
- *Budget related policy documents:*
  - *(1) credit control - May 2011 Council Meeting*
  - *(2) tariff policy - May 2011 Council Meeting*
  - *(3) property rates policy – May 2011 Council Meeting - unchanged*
- *Details concerning investments (attached);*
- *Allowances and benefits of Councillors and personnel with specific reference to the packages of the management team (May 2011 Council Meeting – Councillors recommended increase as on 23 February 2011 still unchanged;*

(e)/…

(e) That the confirmation be noted by the Director: Financial Services regarding the compliance to all requirements by the National and Provincial Treasurer;

(f) That Council takes cognisance that this operating budget does not include figures in respect of fixed and actual capital contributions, to enable the CFO to calculate tariffs in respect of service accounts and rates;

(g) That due to a lack of sufficient funds, no provision could have been made for the redemption shortage in respect of the overlapping of the redemption of loans to external banks and the life span of assets;

(h) That Council takes cognisance that an adjustment in salaries of only 6,5% was provided for in the 2011/2012 financial year – therefore the mandate from the Executive Mayoral Committee given on 19 April 2011 to use the CPI (1 February 2010 to 31 January 2011) plus 2% and that the adjustments between 7,85% and 8,44% in salaries of the section 57 appointments was only noted, in anticipation of the results of the negotiations;

(i) That it be noted that unaffordable rates and taxes accounts will have a further burden on bad debt (outstanding debtors) which will result in a negative cash flow situation and will further result in a situation where creditors and salaries cannot be paid. This negative impact can result in Council no longer being in a position to perform its duties in respect of service delivery;

(j) That the Council **seriously takes cognisance** *of the budgeted operating deficits due to the unbundling of assets, and that income derived from service accounts no longer covers the expenditure of Council. The concern regarding the provision of depreciation was discussed at the LGMTEC 2 meeting on 10 February 2011 and was also raised on the LGMTEC 3 meeting 8 April 2011. It seems at this stage that both National and Provincial Treasury as well as the Auditor General does not have clear guidelines in this regard and will be addressed on various platforms in the near future.*

kl) That the Council takes cognisance that no further approval or public participation for the taking up of the R105 million external loan for the funding of the upgrading of sewerage plants in the Swartland Municipal is necessary, however due to the fact that the interest rate could have changed over the last 6 months since Council went out on quotation, the intention now is to test the market again in this regard. The expectation is, that due to the fact that Council will possibly receive a favourable Moody's credit rating, a favourable interest rate can be obtained in the market for the taking up of the loan, whereafter the normal Supply Chain Management procedures will be followed for the adjudication of the quotation.

AANBEVELING

(a) Dat die Raad die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting goedkeur, **onderskeidelik ten bedrae van en bronne van finansiering**:

				Histories: (90 dae)	Tans: (30 dae)
(1)	Kapitaalbegroting	:	2010/2011	R 86 603 200	R 86 603 200
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting:		2010/2011	R 90 225 769	R 90 225 769
	Kapitaalbegroting	:	2011/2012	R 95 597 534	R 96 348 657
	Kapitaalbegroting	:	2012/2013	R 95 886 879	R 95 886 879
	Kapitaalbegroting	:	2013/2014	R 53 661 421	R 53 288 702
(2)	Bedryfsbegroting	:			
	Totale Inkomste	:	2010/2011	R 351 006 809	R 351 006 809
	Aansuiwerings Inkomstebegroting:		2010/2011	R 370 539 046	R 370 539 046
		:	2011/2012	R 370 345 957	R 371 354 225
		:	2012/2013	R 407 804 580	R 406 107 804
		:	2013/2014	R 462 678 036	R 461 322 172
	Uitgawe	:	2010/2011	R 322 500 045	R 322 500 045
	Aansuiwerings Uitgawebegroting		2010/2011	R 373 067 703	R 373 067 703
		:	2011/2012	R 418 659 678	R 416 987 464
		:	2012/2013	R 451 477 579	R 447 837 565
		:	2013/2014	R 506 577 049	R 503 726 232

Surplus/Verskil (ontbondeling)				
i.t.v. GRAP	:	2010/2011	R 28 506 764	R 28 506 764
Aansuiweringsbegroting:	2010/2011	-R 2 528 657	-R 2 528 657	
	:	2011/2012	-R 48 313 721	-R 45 633 239
	:	2012/2013	-R 43 672 999	-R 41 729 761
	:	2013/2014	-R 43 899 013	-R 42 404 060

(b) Dat daar kennis geneem word van die publieke deelname vergaderings wat gehou is, sowel as die "saamgevatte" kommentaar van die Voorsitter van die Yzerfontein Inwonersvereniging en dat die onderskeie aspekte as volg hanteer word.

(1) "ONBEFONDSTE" MANDATE

Dat goedkeuring verleen word – volmag aan die Munisipale Bestuurder – om 'n regsopinie in te win van 'n senior advokaat aangaande on- en onder befondste mandate van Nasionale en Provinsiale bevoegdhede.

Dat afhangende van die opinie wat ontvang word, oorweeg word (bevoegdheid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee) om ingevolge die IGRFA (Inter Governmental Relations Framework Act) 'n dispuut te verklaar ten einde 'n oplossing te vind, indien nie, verdere oorweging te skenk om 'n Hoërhof aansoek te bring.

(2) EIENDOMSBELASTING

Dat kennis geneem word dat die eiendomsbelasting wel aangepas is soos in paragraaf (f) hieronder aangedui en dat daar vir die huidige volstaan word met die rabat op pensioenarisse soos dit tans toegepas word.

(3) GEDIFFERENSIEERDE TARIEWE

Dat daar goedkeuring verleen word vir die ondersoek van gedifferensieerde eiendomstariewe met die implementering van die nuwe waardasierol op 1 Julie 2012, onderhewig daaraan dat die ondersoek:

- geen verwagtinge skep nie;
- alle bestaande Sakekamers in die regsgebied daarby betrek word en dat Malmesbury en Moorreesburg Sakekamers onderskeidelik reeds op 21 Junie 2011 en 17 Augustus 2011 dienooreenkomstig ingelig word;
- die resultaat bekostigbaar moet wees.

(4) HAWE EN KARAVAANPARK

Dat die Bestuurspan versoek word om ondersoek in te stel na die beskikbaarstelling van fondse uit die bedryfsbegroting van die 2011/2012 finansiële jaar – omdat daar tans nie voorsiening voor gemaak is nie, of die verkryging van eksterne fondse om 'n volledige ondersoek te loods na die privatisering van die hawe en die karavaanpark.

(5) Dat die behoefte vir die teer van Volstruislaan van kennis geneem word, maar dat dit ingevolge die GOP en Begrotingsproses deur die sisteem hanteer word ten einde voormelde straat as prioriteit jeens ander infrastruktuur agterstande op te weeg.

(6) Dat daar kennis geneem word dat die Raamwerk vir die Finansiële Volhoubaarheid in die sakelys van die Gewone Raadsvergadering aangespreek word.

(c) Dat kennis geneem word dat NERSA drastiese wysigings in die tariefstrukture van huishoudings op die Raad afgedwing het vir implementering vanaf 1 Julie 2011. NERSA het stygende bloktariewe vir huishoudings geïmplementeer, naamlik Tarief 1 (huishoudings), Tarief 5 (20amp huishoudings), Tarief 7 (voorafbetaalde laekostebehuising) en Tarief 12 (voorafbetaalde, meer gegoede huishoudings);

(d) Dat die Raad kennis neem van die tariefverhoging in terme van elektrisiteit van 26,71% soos deur ESKOM voorgeskryf en deur NERSA goedgekeur, maar dat die elektrisiteitstarief met net 22% verhoog word, met die uitsondering van sekere tariewe soos per aangehegte skedule;

(e) Dat die Raad verder met kommer kennis neem van die verwagte verhogings oor die volgende twee finansiële jare van 21,95% vir 2012/2013 en 21,95% vir 2013/2014. (Die onvoorsiene verhogings oor die afgelope finansiële jaar en die verwagte toekomstige verhogings sal definitief 'n groot impak op die debiteure rekeninge hê, met die gevolg dat debiteure nie hul diensterekeninge sal kan betaal nie.) Kennis moet geneem word dat die goedgekeurde tarief vir 2011/2012 aan NERSA gestuur is vir hul

finale goedkeuring by hul Publieke vergadering op 10 Mei of 2 Junie 2011. (Vind aangeheg die skrywe aan NERSA gedateer 24 Februarie 2011.);

(f) Dat die Raad die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting ten aansien van die 2011/12 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA goedkeur, met inbegrip van –

- Belastings; (met die voorgestelde verandering in die eiendomsbelasting tarief vanaf 6,93% tot 5,95%. Die tarief was R0.005988 en die voorgestelde tarief is nou R0.005933). Alle ander tariewe is gekoppel aan hierdie persentasie veranderinge.
- Tariewe; (met die voorgestelde verandering in die vullis verwydering tariewe van 12% tot 15,5%. Die tarief was R75.16 en is nou R77.51 per maand.
- Die aansluitingsfooi vir 'n diensaansluiting vanaf R179.00 tot R279.00 en dat elke nuwe residensiële aansluiting 'n gratis Wonderbag sal ontvang.
- Veranderinge in die Kapitaalbegroting van 2011/2012 – oorplasing van R600 000 vanuit die Bedryfsbegroting van 2011/2012 vir voetgangers sypaadjies, 'n toekenning ontvang vanaf Provinsiale Regering in die 2010/2011 finansiële jaar.
- Verdermeer, dat die Raad kennis neem dat die MIG toekenning in die 2013/2014 finansiële jaar verminder word van R15 731 719 tot R15 359 000.
- Dat die Raad verder kennis neem dat die Deernissubsidie toekenning verminder vanaf R23 913 000 tot R22 887 000 en R26 422 000 tot R25 391 000 in terme van DORA.
- Die Raad moet verder kennis neem dat die Direkteur: Finansiële Dienste eers nadat die begroting in Februarie 2011 gefinaliseer was, bewus geword het van die grootmaat vullis storting van Bergrivier en dat hierdie kontrak met voormelde munisipaliteit 'n inkomste van nagenoeg R715 579 vir die 2011/2012 finansiële jaar sal meebring. Daar was alreeds vir die uitgawe begroot.
- Projeksies van kontantvloei (nou deel van Begrotingsformate);
- Dat die Raad kennis neem van die R150 000 wat deur middel van die Weskaapse toekenning vir 'n uitsaaihokkie by Gene Louw sportgronde goedgekeur is welke toekenning kapitaal van aard is en as deel van die kapitaalbegroting van 2011/2012 hanteer sal word.
- Dat die Raad kennis neem van die besluit wat geneem was tydens 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskommitee op 8 April 2011, Item 3.2 – dat vanweë die unieke omstandighede in Abbotsdale, nie alle erwe by die nuutgelegde rioolpypgeleiding opgekoppel is nie, en besluit is dat die vaste rioolpanfooi soos van toepassing op alle inwonders van Swartland Munisipaliteit (Yzerfontein uitgesluit) nie gehef sal word vir Abbotsdale vanaf 1 Julie 2011 tot 31 Desember 2011 nie, maar dat hierdie tarief van krag sal word op 1 Januarie 2012 omdat alle inwoners dan op die rioolpypgeleiding opgekoppel behoort te wees;
- Begrotingsverwante beleidsdokumente:
  (i) Kredietbeheer – (Mei 2011 Raadsvergadering)
  (ii) Tariefbeleid – (Mei 2011 Raadsvergadering)
  (iii) Eiendomsbelastingsbeleid – (Mei 2011 Raadsvergadering- onveranderd)
- Besonderhede ten aansien van beleggings – (aangeheg)
- Toelaes en voordele van ampsdraers en personeel met spesifieke verwysing na die pakkette van die bestuurspan – (Mei 2011 Raadsvergadering – Ampsdraers se voorgestelde verhoging soos op 23 Februarie 2011 voorgestel, bly onveranderd;

(g) Dat daar kennis geneem word van die bevestiging van die Direkteur: Finansiële Dienste van voldoening aan die vereistes van Nasionale- en Provinsiale Tesourie;

(h) Dat die Raad kennis neem dat die bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste en werklike kapitaalbydraes nie om die Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekeninge te bereken;

(i) Dat, as gevolg van onvoldoende fondse, geen voorsiening gemaak kon word vir die delgingstekort met betrekking tot die oorvleueling van die delging van lenings na eksterne banke en die lewensduur van bates nie;

(j) Dat daar kennis geneem word dat daar slegs 6,5% voorsiening gemaak is vir salarisaanpassings vir die 2011/2012 finansiële jaar, vandaar 'n mandaat van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, - geneem op 19 April 2011, - van die VPI (1 Februarie 2010 tot 31 Januarie 2011) plus 2% en dat die aanpassings van die artikel 57 aanstellings wat wissel tussen 7,85% en 8,44% slegs van kennis geneem word, in afwagting van onderhandelinge op nasionale vlak en vir latere oorweging;

(k) Dat kennis geneem word dat onbekostigbare tariewe en belastingrekeninge 'n verdere las op slegte skuld (uitstaande debiteure) plaas, wat lei tot 'n negatiewe kontantvloei met die gevolg dat krediteure en salarisse nie betaal sal kan word nie. Die negatiewe impak kan verder tot gevolg hê dat die Raad nie langer in 'n posisie sal wees om sy pligte ten opsigte van dienslewering na te kom nie;

(l) Dat, **met groot erns** kennis geneem word van die tekort in die bedryfsbegroting as gevolg van die ontbondeling van bates, en dat inkomste verkry uit die betaling van diensterekeninge nie meer die uitgawes van die Raad dek nie. (Die bekommernis met betrekking tot die voorsiening vir waardevermindering is tydens die LGMTEC 2-vergadering op 10 Februarie 2011 bespreek, en ook tydens die LGMTEC 3-vergadering wat op 8 April 2011 plaasgevind het. Dit blyk op hierdie stadium dat beide Nasionale sowel as Provinsiale Tesourie asook die Ouditeur-Generaal nie duidelike riglyne in hierdie verband het nie en sal hierdie aspekte op verskeie platforms geaddresseer word in die nabye toekoms);

(m) Dat die Raad kennis neem en aldus goedkeuring verleen dat geen verdere publieke deelname gedoen word vir die opneem van die R105 miljoen eksterne lening vir die opgradering van verskeie rioolnetwerke in die Swartland munisipale area nie, aangesien die rentekoers gedurende die laaste 6 maande sedert die Raad uitgegaan het op kowatsie, kon verander het, is dit die bedoeling om weereens die mark te toets. (Die verwagting is dat die Raad as gevolg van die feit dat hy 'n gunstige Moody's krediet-gradering gaan bekom, die Raad moontlik 'n gunstige rentekoers in die mark vir die lening kan bekom en daarna sal die toekenning van die kwotasie volgens die Raad se Voorsieningskanaalbestuursbeleid gevolg word).

BESLUIT

(a) Dat die Raad die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting goedkeur, **onderskeidelik ten bedrae van en bronne van finansiering**:

				Histories: (90 dae)	Tans: (30 dae)
(1)	Kapitaalbegroting	:	2010/2011	R 86 603 200	R 86 603 200
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting	:	2010/2011	R 90 225 769	R 90 225 769
	Kapitaalbegroting	:	2011/2012	R 95 597 534	R 96 348 657
	Kapitaalbegroting	:	2012/2013	R 95 886 879	R 95 886 879
	Kapitaalbegroting	:	2013/2014	R 53 661 421	R 53 288 702
(2)	Bedryfsbegroting	:			
	Totale Inkomste	:	2010/2011	R 351 006 809	R 351 006 809
	Aansuiwerings Inkomstebegroting	:	2010/2011	R 370 539 046	R 370 539 046
		:	2011/2012	R 370 345 957	R 371 354 225
		:	2012/2013	R 407 804 580	R 406 107 804
		:	2013/2014	R 462 678 036	R 461 322 172
	Uitgawe	:	2010/2011	R 322 500 045	R 322 500 045
	Aansuiwerings Uitgawebegroting	:	2010/2011	R 373 067 703	R 373 067 703
		:	2011/2012	R 418 659 678	R 416 987 464
		:	2012/2013	R 451 477 579	R 447 837 565
		:	2013/2014	R 506 577 049	R 503 726 232
	Surplus/Verskil (ontbondeling) i.t.v. GRAP	:	2010/2011	R 28 506 764	R 28 506 764
	Aansuiweringsbegroting	:	2010/2011	-R 2 528 657	-R 2 528 657
		:	2011/2012	-R 48 313 721	-R 45 633 239
		:	2012/2013	-R 43 672 999	-R 41 729 761
		:	2013/2014	-R 43 899 013	-R 42 404 060

(b) Dat daar kennis geneem word van die publieke deelname vergaderings wat gehou is, sowel as die "saamgevatte" kommentaar van die Voorsitter van die Yzerfontein Inwonersvereniging en dat die onderskeie aspekte as volg hanteer word:

(1) <u>"ONBEFONDSTE" MANDATE</u>

Dat goedkeuring verleen word – volmag aan die Munisipale Bestuurder – om 'n regsopinie in te win van 'n senior advokaat aangaande on- en onder befondste mandate van Nasionale en Provinsiale bevoegdhede.

Dat afhangende van die opinie wat ontvang word, oorweeg word (bevoegdheid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee) om ingevolge die IGRFA (Inter Governmental

Relations Framework Act) 'n dispuut te verklaar ten einde 'n oplossing te vind, indien nie, verdere oorweging te skenk om 'n Hoërhof aansoek te bring.

(2) EIENDOMSBELASTING

Dat kennis geneem word dat die eiendomsbelasting wel aangepas is soos in paragraaf (f) hieronder aangedui en dat daar vir die huidige volstaan word met die rabat op pensioenarisse soos dit tans toegepas word.

Dat daar egter 'n ondersoek ingestel word om 'n afslag aan pensionarisse toe te staan, bereken op 'n glyskaal gebaseer op die inkomste van die pensionaris.

(3) GEDIFFERENSIEERDE TARIEWE

Dat daar goedkeuring verleen word vir die ondersoek van gedifferensieerde eiendomstariewe met die implementering van die nuwe waardasierol op 1 Julie 2012, onderhewig daaraan dat die ondersoek:

- geen verwagtinge skep nie;
- alle bestaande Sakekamers in die regsgebied daarby betrek word en dat Malmesbury en Moorreesburg Sakekamers onderskeidelik reeds op 21 Junie 2011 en 17 Augustus 2011 dienooreenkomstig ingelig word;
- die resultaat bekostigbaar moet wees.

(4) HAWE EN KARAVAANPARK

Dat die Bestuurspan versoek word om ondersoek in te stel na die beskikbaarstelling van fondse uit die bedryfsbegroting van die 2011/2012 finansiële jaar – omdat daar tans nie voorsiening voor gemaak is nie, of die verkryging van eksterne fondse om 'n volledige ondersoek te loods na die privatisering van die hawe en die karavaanpark.

Dat daar terselfdertyd ook gekyk word na die tariewe wat deur ander munisipaliteite/instansies vir die gebruik van die fasiliteite gehef word, ten einde 'n vergelyking te tref en nie buitensporige hoë tariewe in te stel nie. Dat, indien die inkomste verkry uit tariewe wat gehef word ten opsigte van die hawe nie voldoende is nie, daar by Provinsiale en Nasionale Regering vir geldelike ondersteuning aansoek gedoen word.

Dat die ondersoek ook insluit of die bedryf van die hawe 'n on- of onderbefondste mandaat is.

(5) KAPITAALPROJEKTE, YZERFONTEIN

Dat die behoefte vir die teer van Volstruislaan van kennis geneem word, maar dat dit ingevolge die GOP en Begrotingsproses deur die sisteem hanteer word ten einde voormelde straat as prioriteit jeens ander infrastruktuur agterstande op te weeg.

Dat vasgestel word of voormelde behoefte ontstaan het as gevolg van die begruising van Volstruislaan met rooigruis wat baie stof veroorsaak, al dan nie.

(6) RAAMWERK VIR FINANSIËLE VOLHOUBAARHEID

Dat daar kennis geneem word dat die Raamwerk vir die Finansiële Volhoubaarheid in die sakelys van die Gewone Raadsvergadering aangespreek word.

(c) Dat kennis geneem word dat NERSA drastiese wysigings in die tariefstrukture van huishoudings op die Raad afgedwing het vir implementering vanaf 1 Julie 2011. NERSA het stygende bloktariewe vir huishoudings geïmplementeer, naamlik Tarief 1 (huishoudings), Tarief 5 (20amp huishoudings), Tarief 7 (voorafbetaalde laekostebehuising) en Tarief 12 (voorafbetaalde, meer gegoede huishoudings);

(d) Dat die Raad kennis neem van die tariefverhoging in terme van elektrisiteit van 26,71% soos deur ESKOM voorgeskryf en deur NERSA goedgekeur, maar dat die elektrisiteitstarief met net 22% verhoog word, met die uitsondering van sekere tariewe soos per aangehegte skedule;

(e) Dat die Raad verder met kommer kennis neem van die verwagte verhogings oor die volgende twee finansiële jare van 21,95% vir 2012/2013 en 21,95% vir 2013/2014. (Die onvoorsiene verhogings oor die afgelope finansiële jaar en die verwagte toekomstige verhogings sal definitief 'n groot impak op die debiteure rekeninge hê, met die gevolg dat debiteure nie hul diensterekeninge sal kan betaal nie.) Kennis moet geneem word dat die goedgekeurde tarief vir 2011/2012 aan NERSA gestuur is vir hul finale goedkeuring by hul Publieke vergadering op 10 Mei of 2 Junie 2011. (Vind aangeheg die skrywe aan NERSA gedateer 24 Februarie 2011.);

(f) Dat die Raad die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting ten aansien van die 2011/2012 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA goedkeur, met inbegrip van –

- Belastings (met die voorgestelde verandering in die eiendomsbelasting tarief vanaf 6,93% tot 5,95%. Die tarief was R0.005988 en die voorgestelde tarief is nou R0.005933). Alle ander tariewe is gekoppel aan hierdie persentasie veranderinge;
- Tariewe (met die voorgestelde verandering in die vullis verwydering tariewe van 12% tot 15,5%. Die tarief was R75.16 en is nou R77.51 per maand;
- Die aansluitingsfooi vir 'n diensaansluiting vanaf R179.00 tot R279.00 en dat elke nuwe residensiële aansluiting 'n gratis Wonderbag sal ontvang;
- Veranderinge in die Kapitaalbegroting van 2011/2012 – oorplasing van R600 000 vanuit die Bedryfsbegroting van 2011/2012 vir voetgangers sypaadjies, 'n toekenning ontvang vanaf Provinsiale Regering in die 2010/2011 finansiële jaar;
- Verdermeer, dat die Raad kennis neem dat die MIG toekenning in die 2013/2014 finansiële jaar verminder word van R15 731 719 tot R15 359 000;
- Dat die Raad verder kennis neem dat die Deernissubsidie toekenning verminder vanaf R23 913 000 tot R22 887 000 en R26 422 000 tot R25 391 000 in terme van DORA;
- Die Raad moet verder kennis neem dat die Direkteur: Finansiële Dienste eers nadat die begroting in Februarie 2011 gefinaliseer was, bewus geword het van die grootmaat vullis storting van Bergrivier en dat hierdie kontrak met voormelde munisipaliteit 'n inkomste van nagenoeg R715 579 vir die 2011/2012 finansiële jaar sal meebring. Daar was alreeds vir die uitgawe begroot;
- Projeksies van kontantvloei (nou deel van Begrotingsformate);
- Dat die Raad kennis neem van die R150 000 wat deur middel van die Weskaapse toekenning vir 'n uitsaaihokkie by Gene Louw sportgronde goedgekeur is welke toekenning kapitaal van aard is en as deel van die kapitaalbegroting van 2011/2012 hanteer sal word;
- Dat die Raad kennis neem van die besluit wat geneem was tydens 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskommitee op 8 April 2011, Item 3.2 – dat vanweë die unieke omstandighede in Abbotsdale, nie alle erwe by die nuutgelegde rioolpypgeleiding opgekoppel is nie, en besluit is dat die vaste rioolpanfooi soos van toepassing op alle inwoners van Swartland Munisipaliteit (Yzerfontein uitgesluit) nie gehef sal word vir Abbotsdale vanaf 1 Julie 2011 tot 31 Desember 2011 nie, maar dat hierdie tarief van krag sal word op 1 Januarie 2012 omdat alle inwoners dan op die rioolpypgeleiding opgekoppel behoort te wees;
- Begrotingsverwante beleidsdokumente:
  (iv) Kredietbeheer – (Mei 2011 Raadsvergadering)
  (v) Tariefbeleid – (Mei 2011 Raadsvergadering)
  (vi) Eiendomsbelastingsbeleid – (Mei 2011 Raadsvergadering- onveranderd);
- Besonderhede ten aansien van beleggings – (aangeheg);
- Toelaes en voordele van ampsdraers en personeel met spesifieke verwysing na die pakkette van die bestuurspan – (Mei 2011 Raadsvergadering). Ampsdraers se voorgestelde verhoging soos op 23 Februarie 2011 voorgestel, bly onveranderd;

(g) Dat daar kennis geneem word van die bevestiging van die Direkteur: Finansiële Dienste van voldoening aan die vereistes van Nasionale- en Provinsiale Tesourie;

(h) Dat die Raad kennis neem dat die bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste en werklike kapitaalbydraes nie om die Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekeninge te bereken;

(i) Dat, as gevolg van onvoldoende fondse, geen voorsiening gemaak kon word vir die delgingstekort met betrekking tot die oorvleueling van die delging van lenings na eksterne banke en die lewensduur van bates nie;

(j) Dat daar kennis geneem word dat daar slegs 6,5% voorsiening gemaak is vir salarisaanpassings vir die 2011/2012 finansiële jaar, vandaar 'n mandaat van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, - geneem op 19 April 2011, - van die VPI (1 Februarie 2010 tot 31 Januarie 2011) plus 2% en dat die aanpassings van die artikel 57 aanstellings wat wissel tussen 7,85% en 8,44% slegs van kennis geneem word, in afwagting van onderhandelinge op nasionale vlak en vir latere oorweging;

(k) Dat kennis geneem word dat onbekostigbare tariewe en belastingrekeninge 'n verdere las op slegte skuld (uitstaande debiteure) plaas, wat lei tot 'n negatiewe kontantvloei met die gevolg dat krediteure en salarisse nie betaal sal kan word nie. Die negatiewe impak kan verder tot gevolg hê dat die Raad nie langer in 'n posisie sal wees om sy pligte ten opsigte van dienslewering na te kom nie;

(l) Dat, **met groot erns** kennis geneem word van die tekort in die bedryfsbegroting as gevolg van die ontbondeling van bates, en dat inkomste verkry uit die betaling van diensterekeninge nie meer die uitgawes van die Raad dek nie. (Die bekommernis met betrekking tot die voorsiening vir waardevermindering is tydens die LGMTEC 2-vergadering op 10 Februarie 2011 bespreek, en ook tydens die LGMTEC 3-vergadering wat op 8 April 2011 plaasgevind het. Dit blyk op hierdie stadium dat beide Nasionale sowel as Provinsiale Tesourie asook die Ouditeur-Generaal nie duidelike riglyne in hierdie verband het nie en sal hierdie aspekte op verskeie platforms geaddresseer word in die nabye toekoms);

(m) Dat die Raad kennis neem en aldus goedkeuring verleen dat geen verdere publieke deelname gaan plaasvind vir die opneem van die R105 miljoen eksterne lening vir die opgradering van verskeie rioolnetwerke in die Swartland munisipale area nie, maar dat aangesien die rentekoers gedurende die laaste 6 maande sedert die Raad uitgegaan het op kwotasie kon verander het, die bedoeling is om weereens die mark te toets. (Die verwagting is dat die Raad as gevolg van die feit dat hy 'n gunstige Moody's krediet-gradering kan bekom, ook 'n gunstige rentekoers in die mark vir die lening kan bekom, waarna die toekenning van die kwotasie ingevolge die Raad se Voorsieningskanaal-bestuursbeleid sal geskied).

AFSKRIFTE:

1. DF – (1) aandag soos nodig
   (2) begroting afstuur na sowel Nasionale en Provinsiale Tesourie; verwys artikel 24(3), MFMA
   (3) plasing van begroting en beleidsdokumente op website, verwys artikel 75 van MFMA (voor/op 19 Mei 2011)
   (4) (f) [3de bullet] – stel prosedures in plek vir uitreik van Wonderbag;
   (5) (m), aandag
2. N Brand – (1) advertering van eiendomsbelastingstarief in Provinsiale Koerant, verwys artikel 14(2) van Munisipale Eiendomsbelastingswet
   (2) advertering van aanname van tariewe/Jaarplan (voor/op 19 Mei 2011)
4. MB – (1) (a)1-5, verwys na Bestuurspan
   (2) (j), voorlê aan UBK vir finale goedkeuring